Sondag **17 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-21**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 6:11, 12 (AFR33/53)**

**Volhard – deur te vlug, na te jaag, te stry en te gryp!**

Hoe gans anders is die lewe van ’n gelowige en dié van ’n ongelowige nie! Ja, op die oog af lyk dit of daar min verskil tussen jou en jou ongelowige kollega by die werk of ongelowige maat by die skool of ongelowige buurvrou in die aftreeoord is. Tog, as ons na ’n gelowige en ongelowige se lewenswandel kyk, behoort daar ’n hemelsbreë verskil te wees. Veral in die benadering van jou alledaagse, praktiese lewenswandel.

Dit is dan ook juis in hierdie opsig wat Paulus vir Timoteus bemoedig en raad gee. Te midde van mense wat iets anders leer en anders met die praktyk van die lewe omgaan, byvoorbeeld rykdom, word Timoteus – en ons – opgeroep om te volhard in die ware geloof. Maar hoe doen ’n mens dit, hoe volhard jy te midde van valse wêreldse denke en sondige trekpleisters?

God se Woord gee vir ons vier opdragte in vers 11 en 12. Die eerste is om te vlug. Vers 11 begin met die woorde: “Maar jy, man van God, vlug van hierdie dinge weg …” Watter dinge? Enigiets wat in stryd is met die gesonde leer (vs 3). Daar moet nie net weggevlug word nie, maar in die tweede plek moet opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding en minsaamheid nagejaag word. Derdens moet die goeie stryd van die geloof gestry word. Daar mag nie vatplek aan ’n valse leer gegee word nie, en dit moet ten alle koste bestry word.

Laastens moet ons gryp na die ewige lewe. Ja, omdat ons eerste deur Jesus Christus gegryp is, mag ons na die ewige lewe gryp, dit ons eie maak en met daardie sekere hoop ook lewe. En juis dit maak ons heeltemal anders as ’n ongelowige.

*Sing: Psalm 84-1:6*

*Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)*